

Wysheidsliteratuur en Bybelse Teologie

PM Venter

I

1. Bybelse Teologie werk met die konteks van die kanon (7:151–160). Die samebundeling van 'n pluriformiteit van literêre materiaal in een Bybelboek oor 'n lang tydperk heen, en die aanvaarding deur die kerk dat al daardie materiaal kanoniek is, is nie 'n saak sonder betekenis nie. Veral die geskiedenis van hierdie kanonwording veronderstel motiverings wat vir die skryf van 'n Ou-Testamentiese en Nuwe Testamentiese Teologie en uiteindelik 'n Bybelse Teologie, van wesenlike belang is. Die afsonderlike eenhede waaruit die Bybelse kanon met verdrag opgebou is, het naas hulle primêre linguïstiese en historiese betekenis, seer sekerklik ook nog verdere betekenis verkry binne die groter samehang van die kanonkonteks waarin hulle opgeneem is. Vir hierdie proses van samestelling moes daar egter 'n motivering bestaan. Hierdie materiaal is stelselmatig bymekaar gevoeg omdat daar 'n bepaalde gemeenskaplike faktor bestaan het tussen al die dele van hierdie diversiteit van literêre genres en uitsprake, wat hulle noodwendigerwys saamgedring het, met uitsluiting van ander materiaal uit dieselfde tyd wat nie die gemeenskaplike faktor gedeel het nie.
2. Vir die Bybelse Teologie is dit belangrik om na hierdie gemeenskaplike faktor te soek. Vir 'n lang tyd is geglo dat die samehang van die Bybelse materiaal en die skema vir die teologie wat daarin vervat is, gevind kan word met behulp van 'n skema of 'n sleutelbegrip soos heilsgeskiedenis, of openbaring, of belofte en vervulling, of verbond, of moontlik koninkryk. Die pogings was egter tevergeefs (3:89 en 219). Daar kon geen skema of begrip gevind word wat reg laat geskied aan al die literatuur waaruit die Ou Testament en die Nuwe Testament saamgestel is nie (4:57–103). Daar bestaan geen "single hermeneutical key with which to open up the multiplicity of the tradition in a consistent and reliable way" (3:7).

Von Rad het met sy begrip van "Teologiese maksimum" (11:108) die weg geopen vir navorsing op 'n baie meer omvattende wyse. Indien elke deel van die Bybel 'n "kerugmatiese bedoeling" het, volgens Von Rad, dan moet daar erns gemaak word met die hele kanon. Die navorsing moet vra na die "im Kanon vorgegebe-

nen Zusammenhang der Texte" (6:368). Die kanon is die sleutelbegrip, "den vorgegebenen und verbindlichen Kontext für alle Einzeltexte und Einzelbücher der beiden Testamente" (2:65).

3. Die inleidingswetenskap van die kanongeskiedenis word gebruik om te soek na die historiese dryfvere agter die samestelling van die kanon. Die onderlinge samehang word gesoek in 'n historiese proses van akkumulerende groei. Daar was telkens historiese situasies waarin die reeds bestaande tradisie soteriologies gefunksioneer het deur soortgelyke materiaal aan te trek. "We do not only have a series of divine acts, the interpretation and presentation of which constitutes the tradition; we have a growth of tradition, the existence of which provides the matrix for the coming divine acts and the impulse for their very occurrence" (1:156). Dit is 'n proses van "epigenetic growth, i.e., there was a growth of the record of events, meanings, and teachings as time went on around a fixed core that contributed life to the whole emerging mass" (5:8). Daar bestaan by voorbaat 'n "canonical focus" (5:12), wat deur 'n historiese proses bepaalde materiaal van wyduiteenlopende literêre aard uitkies en inkorporeer in 'n steeds groeiende versameling wat as kanon funksioneer.

Die Bybelse Teologie soek dus na 'n samebindende faktor wat in die historiese groeiproses van die kanon enersyds selektief en normatief gefunksioneer het, maar andersyds deur die diversiteit van literêre materiaal en historiese ontwikkeling deur beweeg het as 'n samebindende organisme. Dit is 'n entiteit wat nie sondermeer gelykgestel kan word aan 'n evolusionêre proses van progressiewe ontwikkeling nie – dit word verbied deur die normatiewe aspek daarvan (3:202). Dit kan ook nie beskryf word met 'n enkele begrip as 'n onveranderlike konstante nie – die historiese groeiproses akkommodeer 'n wye verskeidenheid materiaal uit die geskiedenis van etlike eeue wat so 'n konstante onwaarskynlik maak. Die Bybelse Teologie het daarom hier nie te maak met 'n faktor of 'n samehang wat "ontwerp moet word nie, maar 'n gegewene . . . wat gevind moet word" (7:160).

II

1. Die navorsing na die wysheidsliteratuur kan vir hierdie soeke na die samehang van die kanon van besondere waarde wees. Terwyl die Ou-Testamentiese Teologie nog na die samehang in die Ou Testament gesoek het met sleutelbegrippe en skemas wat histories georiënteer was, was die wysheidsliteratuur per definisie uitgesluit uit so 'n teologie (10:195–6). Die nuwe benadering, wat met die kanon as konteks werk, sluit die wysheidsliteratuur in as 'n

integrale deel van die kanon en ook van 'n Ou-Testamentiese Teologie.

2. Gedurende die laaste twee dekades is in die navorsing baie aandag gegee aan die verhouding van die wysheidsliteratuur tot die literatuur in die res van die Ou Testament. Die aanwesigheid van wysheidsliteratuur is aangetoon in verskillende dele van die Ou Testament. Ook invloed van die wysheid is aangetoon op etlike plekke. Die "oergeskiedenis" in Genesis 1-11 (Weinfeld), die Josefsverhaal in Genesis 37-50 (Von Rad), II Samuel 9-20 en I Konings 1-2 (Whybray), die boek Ester (Talmon), en Deuteronomium (Weinfeld), is aangedui as gedeeltes wat met die wysheidsliteratuur in verband staan.
3. Vanuit beide die Ou-Testamentiese Teologie en die navorsing na die wysheidsliteratuur in die Ou Testament, is daar dus 'n gemeenskaplike soektog na samehang en verband. Die insluiting van die wysheidsliteratuur in die kanon van die Ou Testament dui daarop dat daar 'n kanonieke samehang moet wees tussen hierdie literatuur en al die ander stof van die Ou Testament. Hierdie samehang is binne die konteks van die kanon 'n gegewene wat gevind en omskryf moet word.
4. In hierdie verband is die werk van Gerald T Sheppard: "Wisdom as a hermeneutical Construct" (9), belangrik. Hy behandel die funksie van die wysheid binne die konteks van die kanongeskiedenis. Dit maak sy navorsing van aktuele belang vir sowel die navorsing na die wysheidsliteratuur, asook vir die Bybelse Teologie met sy soeke na 'n samebindende faktor in die kanon. Die behandeling van sy werk skep die geleentheid om die metode van ondersoek op hierdie bepaalde terrein ook van nader te beskou.

III

1. Sheppard is van mening dat die verskynsel "wysheid" en die invloed daarvan in die Ou Testament, verstaan moet word vanuit die rol wat dit gespeel het in die tyd na die ballingskap. Dit was 'n teologiese konsep wat gebruik is om die dele van die Ou Testament wat alreeds as kanon beskou was, te herinterpreteer en toepaslik te maak in die godsdienste van daardie tyd. Na aanleiding van die bekende gebruik van die Tora in die apokriewe boek van Ben Sira, toon Sheppard aan hoe die wysheid gefunksioneer het. In Ben Sira 24:3-29, 16:24-17:14 en Barug 3:9-4:4 is die Tora as 'n boek en as 'n kanonieke versameling gebruik as die basis van die onderskeie komposisies. In nabootsing van veral die literêre styl

van Spreuke, word gedeeltes uit die Tora herkontekstualiseer om die wet te laat funksioneer as 'n bevestiging van wysheid en as 'n gids waarvolgens die wysheid ook beoefen kan word. In Ben Sira 24:3–29 is uit Deuteronomium 4:30 en 32 stof geneem wat nie die vorm het van die wysheidsliteratuur nie, en dit is oorgewerk na 'n wysheidsvorm.

Die wetboek wat aan Israel gegee is, word hier gelykgestel met die vestiging en unieke teenwoordigheid van die goddelike wysheid in die geledere van Israel. In Barug 3:9–4:4 is daar “wisdom interpretation of biblically non-wisdom traditions” (9:90). Die skrywer gebruik uitdrukkings uit Genesis 6:4 en die name van die aartsvaders om tipologies die uitverkiesing van Israel te beskryf as 'n verskynsel waarby die wysheid ter sprake is. Die drie gevalle wat Sheppard in Ben Sira en Barug ondersoek het, “provide ample evidence of a desire to prove exegetically that the Torah and the prophetic writings inform and anticipate the concerns of the Biblical wisdom traditions” (9:100) in die tyd na die ballingskap.

2. In hierdie begeerte om langs eksegetiese weg die verband tussen Tora, Profete en wysheidstradisie aan te toon, is 'n bepaalde beskouing oor die Skrifte te vind. In aansluiting by Seeligmann (8:152) tipeer Sheppard dit as “canon consciousness” (9:110). Kanonieke literatuur oefen invloed uit op die godsdienstige denke op 'n eiesoortige wyse waarin dit deur die uitlêer intuïtief onderskei word van ander meer algemene en minder gesaghebbende bronne. Die kanonieke teks kan so op een van drie maniere gebruik word:

2.1 Die kanonieke teks kan in die nuwe komposisie behou word in steeds herkenbare vorm. Die uitlêer kies sleutelwoorde, parafrases of literêre motiewe uit die kanonieke teks wat vir hom met mekaar in verband staan. Hierdie oorspronklike gegewens word saamgevoeg en in 'n nuwe konteks geplaas op so 'n wyse dat dit uitdrukking gee aan die uitlêer se begrip van die kanonmateriaal.

2.2 Die kanonieke teks kan op beperkte skaal gebruik word. Dit dien dan as blote sleutel vir 'n uitvoerige uiteensetting van sake wat vir die uitlêer in samehang staan met 'n tema of woord wat in die kanonieke teks gebruik is.

2.3 Die inhoud van die kanon kan ook in verband gebring word met sake uit 'n latere tyd. Hier geld die beginsel van “ontological unity in the literature as a guide to religious reality”

(9:115). Waar die wysheid gewoonlik net met God in verband gestaan het, word die hele Tora as kanonieke boek nou in verband gebring met die wysheid. Die Tora word nog een verdere weg waarlangs die wysheid kan funksioneer.

Volgens 'n bepaalde logika bring die uitlêer dele van die kanonieke teks in verband met mekaar en in verband met die wysheidstradisie. Dit is belangrik om daarop te let dat Sheppard hier redeneer in terme van ontologiese eksegeese waar die gesag van die kanonieke teks deur herkontekstualisering oorgedra word op die nuwe komposisie. Die kanonieke teks het nie meer 'n eie betekenis nie, maar kry eers betekenis binne die nuwe konteks. Die klem lê op die nuwe komposisie. Dit is die wysheid wat hier aan die woord is en nie die Tora nie (12:317). Die nuwe komposisie is nou die norm. In terme van die samehang wat hierbo beskryf is (I. 3) as entiteit met 'n dubbele aspek wat normatief funksioneer binne 'n historiese ontwikkeling, is dit duidelik dat die normatiewe aspek hier totaal opgaan in die historiese ontwikkeling en sondermeer gelyk gestel word aan die nuutste of laaste fase van historiese ontwikkeling.

3. In die proses van kanonvorming speel wysheid die rol van 'n "hermeneutical construct" (9:18). Waar die Tora alreeds 'n literêre kanonieke kategorie is, is die wysheid nog net 'n blote intellektuele konsep. Deur die herkontekstualisering van die Tora na die wysheidstradisie, konstrueer die wysheid nog 'n kanonieke literêre kategorie. As literêre skepping is dit nie heeltemal nuut nie, maar sluit aan by die wysheidsboeke Spreuke, Prediker en moontlik Job, wat intussen tot stand gekom het. Dit word selfs uitgebou tot hermeneutiese norm om die ouer kanonieke Tora uit te lê as 'n bevestiging van wysheid en 'n gids tot Israel se uitlewing van wysheid. Dit word "a rubric under which the authoritative non-wisdom traditions can be evaluated as a guide to practical conduct. Such a hermeneutical function for wisdom was only one of several means used to affirm the complementarity of a diverse biblical canon. Only by grounding wisdom in the interpretation of the superior canonical Torah traditions, could wisdom teaching (both canonical and non-canonical) retain an independent religious significance in any way comparable to that of the Torah in the post-exilic period. Conversely, these wisdom interpretations legitimate the Torah and its claim to pervasive authority by demonstrating in practical terms how Torah narrative directly informs the concerns of wisdom" (9:119).

In hierdie uitvoerige aanhaling word die probleem-punte in Sheppard se teorie duidelik. Dat wysheid 'n rol gespeel het in die

totstandkoming van die Bybelse wysheidsliteratuur en selfs in die uiteindelijke kanonisering daarvan, is waar. Ons kan ook heeltemal instem daarmee dat die wysheidsliteratuur alleen gelyke gesag kon kry met die Tora indien dit volledig daarmee geassosieer kon word (laat die metode waarvolgens dit gebeur vir 'n oomblik tersyde). Dit is egter nie aanvaarbaar om te verklaar dat die wysheidsliteratuur by die Tora aansluit sonder enige ander skakel as om slegs die gesag daarvan oor te neem en in die proses self die norm te word vir die voortgesette betekenis van die Tora nie. Dit is 'n historiese optimisme en 'n onhoudbare verabsoluttering van een deel van die Bybelse kanon. Dit gaan dan nie meer werklik om "complementarity of a diverse biblical canon" (9:19) nie, maar om wysheidsliteratuur wat as hoogste norm die wettigheid van alle ander literatuur bepaal.

Wat nog belangriker is, is die vraag of Sheppard dan van mening is dat alle wysheidsliteratuur, "both canonical and non-canonical" (9:119) hierbo, "religious significance" ontvang het, "comparable to that of the Torah", in die tyd na die ballingskap? Om watter rede sou daar dan 'n kanonafbakening uitgekristalliseer het in die godsdiensgemeenskap van Jamnia wat teen 90 n.C. 'n werk soos die van Ben Sira as nie-kanoniek weglaat (13:133)? Dit was nie bloot net die vroeër of later datering van 'n boek wat die kanonisiteit daarvan bepaal het, al dan nie. In die verabsoluttering van die wysheid en die opheffing van die diversiteit van die kanonieke literêre materiaal deur wysheid se herkontekstualisering, lê moontlik riglyne wat die kanoniseringsproses beter kan omskryf. Sheppard hou in elk geval nie rekening met die feit dat sommige van hierdie wysheidsboeke nooit in die Joodse (en Protestantse) kanon tereg gekom het nie.

4. In die laaste deel van sy boek, werk Sheppard met redaksiekritiek. Redaksionele toevoegings kom voor in Prediker 12:13 en 14, Hosea 14:10, Psalms 1 en 2, II Samuel 23:1-7. In hierdie toevoegings lê die wortels van die latere verskynsel wat alreeds by Ben Sira en Barug aangetoon is. Hulle is "redactional layers which evaluate canonically nonwisdom literature in terms of the sacred wisdom tradition, particularly that of Proverbs and Qoheleth" (9:120).

In die geval van Prediker 12:13 en 14 is 'n redaksionele toevoeging gemaak om die plek van die boek in die heilige Skrif te verseker. Die epiloog tematiseer die hele boek en plaas dit "in the domain of the biblical wisdom which has itself become a developed theological construct already functioning as an interpretive idiom in the context of a nascent Scripture" (9:127). Sheppard is van mening dat Prediker 12:9 en 10 na 'n bepaalde versameling

van boeke verwys wat alreeds in die kanon opgeneem is, moontlik Spreuke en Prediker, of boeke wat Salomo se naam dra. Sonder om sy vermoede te verduidelik, meen Sheppard dat hierdie boeke as genoegsaam beskou is en nie ruimte gelaat het vir verdere boeke, soos Ben Sira, nie.

Die redaksionele rol van Psalms 1 en 2 word aangetoon. Dawid staan bekend as die hoof argitek van die Psalmbundel. Hy word vereenselwig met die koning van Psalm 2. Omdat Psalms 1 en 2 in noue samehang staan, het die mededelings van Psalm 1 betrekking op die tweede Psalm, die persoon van Dawid en die res van die Psalmbundel. Hoewel in omgekeerde orde, word dieselfde tweedelige gedig as in Sirag 24 en Barug 3:9-4:4, ook in Psalms 1 en 2 gevind: "A didactic instruction in Ps 1 is followed in Ps 2 by an inner-biblical demonstration of its application and opposing consequences for David and the worldly kings" (9:143). Dit het egter ook betekenis vir die hele Psalmbundel: "The entire Psalter, therefore, is made to stand theologically in association with David as a source book of guidance for the way of the righteous. In this fashion, the Psalter has gained, among its other functions, the use as a source for Wisdom reflection and a model of prayers, based on such a pious interpretation of the Torah" (9:142). Die redaksionele voorwoord besorg deur die herkontekstualisering van die Psalmbundel binne die wysheid, aan die Psalmbundel ook 'n plek binne die kanon: "Wisdom interpretation is only one of several means that open the Scripture up to its use by later generations and creates a place for the Psalter among the larger canonical collections" (9:144).

IV

1. Sheppard verdedig die stelling "that at a certain period in the development of Old Testament literature, wisdom became a theological category associated with an understanding of canon which formed a perspective from which to interpret Torah and prophetic traditions. In this sense wisdom became a hermeneutical construct for interpreting sacred Scripture" (9:13). Die wins van sy werk is dat hy probleme aanraak wat van wesenlike belang is vir die Bybelse Teologie en vir die navorsing na die wysheidsliteratuur. Hy bring bepaalde sake met mekaar in verband wat goeie vrug kan oplewer vir die navorsing. Die groei van die kanon het te doen met faktore soos die wysheid, wat die kanon aktueel wil maak vir die godsdienst. Die samestelling van die kanon staan in verband met die vraagstuk van die verhouding tussen ouer dele en nuwer dele daarvan. Die wording van die kanon is 'n herme-

neutiese proses wat met 'n bepaalde logika te werk gaan om 'n diversiteit van materiaal sinvol bymekaar te voeg.

Sheppard deel egter die tekortkoming van Von Rad (12), dat hulle kultuurfilosofies te werk gaan om die wysheid te beskryf as 'n godsdienverskynsel wat op 'n bepaalde tyd werksaam is. Ter illustrasie van hierdie verskynsel word kanonieke en apokriewe wysheidsmateriaal sonder enige duidelike onderskeid gebruik. By albei bestaan die neiging om die Bybelse wysheidsmateriaal as die voorfase te beskryf, waarvan die hoogtepunt in die apokriewe boeke geleë is. Sheppard verabsoluteer die wysheid en wil van die hele Ou Testament 'n geherkontekstualiseerde wysheidsgeskrif maak. Daardeur word die normatiewe aspek in die historiese ontwikkeling van die kanon nie alleen verskuif na die enkele slotgebeure in die groeiproses nie, maar daar word inderdaad 'n faktor ingebring wat nog nie vantevore in die proses werksaam was nie en boonop nou verhef word tot die normatiewe aspek van die kanon.

2. Die navorsing na die Bybelse wysheidsliteratuur sal nie die oogmerke van die Bybelse Teologie dien deur hierdie literatuur te verabsoluteer nie. Dit was nie 'n nuwigheid wat op die toneel verskyn het en wat sonder enige grondige aanleiding die maatstaf van alles geword het nie. Alhoewel dit verskyn as deel van die ontwikkelingsproses waaraan die kanon deel het en as 'n nuwe soort literatuur deel word van 'n bestaande kanon wat alreeds uit verskillende materiaal uit verskillende tye bestaan, sluit dit by 'n bestaande norm aan. Dit skep nie nuwe eenheid nie, maar word ingeskakel binne bestaande eenheid. Beide die normatiewe en die ontwikkelingsaspek kenmerk die eenheid tussen die wysheidsliteratuur en die res van die kanon.

Die samehang kan ook nie gesoek word met 'n begrip wat kenmerkend is van die wysheid, maar wat vreemd is aan die Wet en die Profete nie. Daar moet gesoek word na 'n gegewene wat inherent teenwoordig is in alle dele van die kanon. Deur grondige eksegetiese sal "von unten her" (6:371) langs die weg van "Stückweise erkennen" (6:371) gesoek moet word na die samehang vanaf die kleinste eenhede tot by die grootste samehang tussen Ou en Nuwe Testament. Alhoewel dit betwyfel word of so 'n Bybelse Teologie ooit geskryf kan word (1:170), bly dit die aangewese weg om binne elke afsonderlike literêre eenheid self te begin en van binne uit te soek na die gegewe samehang binne die een kanon.

3. Dit is noodsaaklik dat die kanonieke wysheidsliteratuur onderskei sal word van die apokriewe wysheidsliteratuur. Die wysheidsliteratuur van die Bybel staan in 'n gegewe samehang

met die res van die Bybelse kanon – waarby die apokriewe literatuur uitgesluit is. Hierdie uitsluiting het nie net met blote historiese redes te doen nie. Dit was nie alleen te wyte aan die feit dat die apokriewe literatuur van latere oorsprong is, dat dit uitgesluit is nie. Daar moet ook na ander redes gesoek word vir die verskynsel dat sommige dele van die wysheidsliteratuur ingesluit is by die Bybelse kanon, terwyl ander uitgesluit is. Daar moet 'n verskil bestaan tussen kanonieke en apokriewe wysheidsliteratuur wat van wesenlike belang is vir die kanoniseitsvraagstuk. Na hierdie verskil moet gesoek word. In Sheppard se aanduiding van die herkontekstualisering van die Wet en Profete, wat verlies van hulle selfstandigheid meebring en verabsoluttering van die wysheid, lê 'n moontlike aanduiding van die verskil. Bestudering van die apokriewe wysheidsliteratuur vanuit eie literêre samestelling en poëtiese kwaliteit, kan dit moontlik maak om die verskil met die kanonieke wysheidsliteratuur te omskryf. Dit kan moontlik lei tot 'n beter beskrywing van die gegewe samehang tussen kanonieke wysheidsliteratuur en die res van die kanon.

BRONNELYS

1. BARR, JAMES *Old and New in Interpretation. A Study of the Two Testaments*. Londen: SCM Press, 1966.
2. FRÖR, KURT *Biblische Hermeneutik* (Derde uitgawe). München: Chr. Kaiser Verlag, 1967.
3. GUNNEWEG, AHJ *Understanding the Old Testament*. Londen: SCM Press, 1978.
4. HASEL, GERHARD *Old Testament Theology: Basic Issues in the Current Debate*. (Hersiene uitgawe). Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1977.
5. KAISER, WALTER C Jr *Toward an Old Testament Theology*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1978.
6. KRAUSS, HJ *Die Biblische Theologie. Ihre Geschichte und Problematik*. Neukirchen – Vluyn: Neukirchener Verlag, 1970.
7. OBERHOLZER, JP *Die Soeke na 'n Bybelse Teologie. Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 32, Afleverings 3 en 4, bl. 151–160.
8. SEELIGMANN, IL *Voraussetzungen der Midrashexegese. Supplement Vetus Testamentum*. Nummer 1, 1953.
9. SHEPPARD, GERALD T *Wisdom as a Hermeneutical Construct – A Study in the Sapientializing of the Old Testament*. BZAW 151, Berlyn – New York: Walter de Gruyter, 1980.
10. TOOMBS, LE *Old Testament Theology and the Wisdom Literature. Journal of Bible and Religion*, 1955, nommer 23.
11. VON RAD, G *Old Testament Theology. Volume One*. Edinburgh: Oliver and Boyd, 1973.
12. VON RAD, G *Weisheit in Israel*. Neukirchen – Vluyn: Neukirchener Verlag, 1970.
13. VAN ZYL, AH *Die Ou Testament: Net een boek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1976.